

# SAADSOEWEREINITEIT VIR KLEINBOERE

**S**aadsoewereiniteit kom daarop neer dat kleinboere beheer oor hul eie saadstelsels het en die kern van daardie stelsels is.

**Boere sal saadsoewereiniteit geniet *INDIEN* hulle die reg het:**

- 1 om al hul saad en ander plantmateriaal te saai, te teel, te berg en uit te ruil;
- 1 om deel te neem aan besluitneming rakende saadverbetering/teling sowel as aan besluite wat betrekking het op die seleksie, gehaltstandaarde, pryse, produksie, verspreiding en diversiteit van saad;
- 1 op gewoontepraktjke – veral ten opsigte van inheemse saad;
- 1 op toegang tot saad;
- 1 op beskerming teen die verkoop van onegte of onvanpaste saad deur oneerlike persone;
- 1 om te kies of hulle gesertifiseerde saad of saad komende vanuit plaasbeheerde saadstelsels wil gebruik; en
- 1 om hul regte as boere af te dwing – en om te verseker dat daardie regte nie 'n laer status as dié van telers se regte geniet nie.

